Sing vooraf staande: Psalm 146:8 (p. 701)

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 38:1 (p. 189)

Wet

Psalm 38:1 (p. 189)

1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 105:5 (p. 515)

5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skriflesing: 1 Tessalonisense 4:14 – 5:28

Teks: 1 Tessalonisense 5:11

Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen. (1 Tessalonisense 5:11 AFR1953)

Die tye waarin ons lewe, is so kompleks dat gelowiges nie maklik alleen die mas kan opkom nie. Kritiek teen en onverstaan van Christendom word daagliks meer.

- Daarom gebeur dit dat die vereensaming van mense dikwels aanleiding gee tot sondes wat gebeur.
- Dit is net waar dat mense wat nie die nodige ondersteuning het nie, makliker met verkeerde dinge deurmekaar raak as mense wat ander mense het wat hulle bystaan.
- In hierdie gedeelte onderstreep die Here die gemeenskap van die heiliges met mekaar.

Die klem lê daarop dat ons as gelowiges onder alle omstandighede mekaar se hande moet vat, en mekaar moet bemoedig en positief maak.

Ons moet let op die volgende dinge:

1. Wat gebeur op die "dag van die Here"?
2. Sal die gelowiges die spanning om te wag kan volhou?
3. Wat moet ons gemeente doen?

1. Wat gebeur op die "dag van die Here"?

Let daarop dat die woorde dat ons mekaar moet bemoedig twee keer voorkom.

- Die eerste keer is nadat die apostel vertel het dat ons met ons dood na die Here toe gaan, en dat ons met sy wederkoms saam met Hom terug sal kom om die volmaaktheid saam met Hom te begin.
- Daardie oomblik staan bekend as **die dag van die Here**.

Daar was 'n paar dinge wat veroorsaak het dat daar 'n bepaalde ongeduld by die Christene van Tessalonisense was, want hulle kon nie wag dat die Here moes kom nie

- Een van die redes was die druk van die vervolging teen hulle omdat hulle Christene was.
- Die verdrukking was vir hulle 'n swaar moeite om mee saam te lewe.
- Daarom wou hulle graag sien hoe die Here hulle reg teenoor hulle vervolgers in die reine bring.

Natuurlik was hulle ingesteldheid op die dag van die Here nie reg nie. Daarom bring die Here nou 'n regstelling op hulle siening aan.

- Die dag van die Here is nie net 'n dag van wraak nie.
- Dit is ook 'n dag waarnatoe die gemeente van die Here met vreugde moet lewe.
- Die gemeente moet as 'n eenheid in Christus hierdie dag inwag.

Dit was ook nie 'n geval dat die gemeente van Tessalonika dit nie geweet het nie.

- Hulle het uit die Ou Testament heeltemal goed verstaan wat alles gaan gebeur wanneer die Here kom.
- In die Ou Testament word hierdie dag altyd die "dag van die Here" genoem. Daarom word dit spesifiek hier ook so genoem.
- Dit is ook waarna Paulus verwys as hy sê dat hy nie nodig het om vir hulle oor die tye en geleenthede voor die wederkoms van die Here te skryf nie.

Wat het hulle van die "dag van die Here" geweet?

- Op hierdie dag gaan die Here sy heil en heerlikheid openbaar (Jesaja 58:13; Obadja 1:15; Sefanja 1:7, 14).

  As jy jou voet terughou van die sabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; (Jesaja 58:13)

  Want die dag van die HERE is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. (Obadja 1:15)

  Swyg voor die Here HERE! Want die dag van die HERE is naby; want die HERE het 'n offer berei, sy gaste geheilig. (Sefanja 1:7, 14)
  Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die HERE! Bitterlik skreeu die held daar.

- Dit gaan onder andere gebeur omdat die Here sy straf oor sy (en sy gelowiges se) vyande gaan voltrek. (Jesaja 13:6; Jesaja 13:9; Klaagliedere 2:22; Joël 2:11; Joël 2:31; Sagaria 14:1).

  Huil julle, want die dag van die HERE is naby; hy kom as ’n verwoesting van die Almagtige. Jesaja 13:6

  Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ’n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Jesaja 13:9

  Tau. U het soos op ’n feesdag my verskrikkinge geroep van rondom, en niemand het op die dag van die HERE se toorn vrygeraak of ontkom nie; die wat ek op die hande gedra en grootgemaak het – my vyand het hulle omgebring. Klaagliedere 2:22

  En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra? Joël 2:11

  Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. Joël 2:31

  KYK, daar kom ’n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Sagaria 14:1

- Die dag van die Here **beteken ook dat die kerkvolk self uitgesif gaan word** omdat die oordeel van die Here oor hulle ook gaan brand (Esegiël 13:5; Esegiël 30:3; Joël 1:15; Joël 3:14; Amos 5:18, 20).

  Julle het in die bresse nie opgegaan nie en die muur nie gebou om die huis van Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van die HERE nie. Esegiël 13:5

  Want naby is ’n dag, ja, naby is ’n dag van die HERE, ’n dag van wolke; die tyd van die nasies sal dit wees. Esegiël 30:3

  Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos ’n verwoesting van die Almagtige. Joël 1:15

  Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing! Joël 3:14

  Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie.
  Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder ’n ligstraal? Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder ’n ligstraal? Amos 5:18, 20

- Verder verskyn die Messias ook nog op daardie dag (Vgl. Amos 5:18; 8:3; Miga 4:6; 7:11; Joël 1:15; 2:1; Sefanja 1:7).

  Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. Amos 5:18

  En die liedere van die paleis sal in dié dag weeklaag, spreek die Here HERE: ’n menigte lyke; hulle gooi dit oral neer. Stilte! Amos 8:3

  In dié dag, spreek die HERE, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het. Miga 4:6

  Daar kom ’n dag om jou mure te herbou! In dié dag sal die gebied ruim wees. Miga 7:11

  Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos ’n verwoesting van die Almagtige. Joël 1:15

  Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby – Joël 2:1

  Swyg voor die Here HERE! Want die dag van die HERE is naby; want die HERE het ’n offer berei, sy gaste geheilig.

- In die Nuwe-Testamentiese openbaring word geopenbaar dat die heerlikheid en majesteit van die Here Jesus Christus aan die lig sal tree (1 Korintiërs 5:5; 2 Korintiërs 1:14; 1 Tessalonisense 5:2; 2 Tessalonisense 2:2, 3; 2 Petrus 3:10 ; Openbaring 1:10).

  om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus. 1 Korintiërs 5:5

  soos julle ook gedeeltelik van ons verstaan het dat ons julle roem is, net soos julle ook ons roem is in die dag van die Here Jesus. 2 Korintiërs 1:14

want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ’n dief in die nag.
1 Tessalonisense 5:2

om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie – deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees – asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, 2 Tessalonisense 2:2, 3

Maar die dag van die Here sal kom soos ’n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. 2 Petrus 3:10

Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin, wat sê: Openbaring 1:10

Die feit dat die apostel skryf dat hulle “baie goed” weet, wys dat hulle ’n baie noukeurige kennis van al hierdie dinge gehad het.

- Maar dit wys ook dat hulle die geloofsvermoë gehad het om nie te verdwaal of te verval in allerhande sinnelose dinge soos dwaalleer of sektarismes nie.
- Verder beteken dit ook dat hulle mekaar kon vashou in die geloof deur mekaar te bemoedig.

2. Sal die gelowiges die spanning om te wag kan volhou?

Die oomblik van die wederkoms is senutergend vir die wat daarop wag.

- Dit kom soos ’n skelm: onverhoeds.
- Daarby is daar nog die gevoel dat die koms van die dag ook iets gevaarliks in hom inhou, want dit kan kom soos ’n vyand.
- Sommiges van die gelowiges gaan moedeloos word.
- Daarom is dit so noodsaaklik dat ons mekaar se hande moet vashou en mekaar bemoedig, want die ware gelowiges sal in dié tyd baie beslis druk en stres beleef. (Vgl. Lukas 12:35-48 (sien heelonder); Lukas 16:27, 28vv.;
  Matteus 24:36, 37, 42, 50).

  27 En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur –
  28 want ek het vyf broers – om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.
  29 Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.
  30 Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.
  31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan Lukas 16:27, 28vv

  36 MAAR van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.
  37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
  42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.
  50 dan sal die heer van dié dienskneg kom op ’n dag dat hy dit nie verwag nie en op ’n uur dat hy dit nie weet nie; Matteus 24:36, 37, 42, 50

Die ware gelowiges hoef nie hierdie angsgevoel te ervaar nie, want die dag van die Here bring vir hulle vrede en veiligheid.

- Die Here se vrede en veiligheid staan teenoor die vrede en veiligheid wat deur valse gelowiges geloop en propageer word (Jeremia 6:14; 8:11; Lukas 21:34; Psalm 48:6; Hosea 13:13; Miga 4:9; Nahum 2:10; Jesaja 13:8; 21:3).

  En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie. Jeremia 6:14

  En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie. Jeremia 8:11

  MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Lukas 21:34

  (48:7) Bewing het hulle daar aangegryp, smart soos van een wat baar. Psalm 48:6

> Barensweë sal hom oorval, hy is ’n onverstandige kind; want as die tyd daar is, stel hy hom nie in die kindergeboorte nie. Hosea 13:13
>
> Waarom skreeu jy nou so hard? Is daar geen koning in jou nie? Of het jou raadgewer omgekom, sodat smart jou aangegryp het soos van een wat baar? Miga 4:9
>
> Leegheid, ontlediging, vernieling! En die hart versmelt, en knieë wankel, en in al die lendene is krampe, en die aangesig van hulle almal word bleek. Nahum 2:10
>
> en hulle is verskrik, kry krampe en weë; hulle krimp inmekaar soos een wat baar; die een kyk die ander verbaas aan; hulle gesigte is vlammende gesigte. Jesaja 13:8
>
> Daarom is my heupe vol siddering, weë het my aangegryp soos die weë van een wat baar; ek buig my krom, sodat ek nie hoor nie; ek is verskrik, sodat ek nie sien nie. Jesaja 21:3

Die angs en die nood van die ongelowiges word beskryf in vers 3, maar dit word onmiddellik opgevolg met ’n skerp kontras wat die toestand van die gelowiges beskryf.

- Die ware gelowiges moet mekaar voortdurend daaraan herinner dat hulle nie soos die ongelowiges in die donker van die oordeel van die Here lewe nie.
- Hulle lewe in die lig van die Here se genade.

Let op na die reeks woorde wat as kontraste met mekaar gebruik word:

- nag/dag
- donker/lig
- wakker wees/slaap
- dronk wees/nugter wees

Dit is nie sonder rede nie, want daarmee vertel die Bybel die hele tyd vir ons aan watter kant van die Here se raad ons staan.

- Die Bybel gee aan ons die seker wete dat ons verlos is, sodat ons moedig kan lewe en mekaar ook kan bemoedig.

Ons – lidmate – word deur die Here bemoedig:

- Moenie in vrees vir die wederkoms lewe nie, want ons weet mos dat ons lewens nie in die donker is nie. Ons lewe in die lig.
- Anders gesê: Ons lewe nie in die gevaar en die verskrikking van die dag van die Here nie.

Hiermee saam is daar ’n aansporing: Laat ons nie slaap nie . . . Dit is weer die kontras wat na vore tree:

- Die ander slaap en hulle is nie op hulle hoede nie.
- Ons verskil van hulle, en ons is op ons hoede.
- Ons verwag die wederkoms van die Here, en ons bemoedig mekaar in hierdie wagproses.

Die Here gebruik nog meer beskrywings om dit te bevestig.

- Kyk byvoorbeeld na die lyn wat die woorde *nugter* en *dronk* trek. Die gelowiges is juis uit al hierdie dinge uitgeroep.
- By al die ander beelde (nag/lig, ens.) kom hier nou ’n nuwe een by:
    - Trek aan! Moenie kaal loop nie.
    - Trek ’n borswapen aan, en sit ’n helm op.

Ons moet klere aantrek, maar nie gewone klere nie. Ons moet gevegsdrag aantrek.

- Die feit dat ons gevegsklere moet aantrek, beteken dat ons weet van die stryd.
- Dadelik kom die gemeenskap van die heiliges in ons gesigsveld:
    - Een man alleen kan nie ’n oorlog maak nie.

- Hy het baie manne nodig wat saam met hom veg, en dit bring ons net weer terug by ons teksvers, naamlik dat ons mekaar moet bemoedig.

Die Here wys ons daarop dat al hierdie dinge waarin ons deel, juis die positiewe effek het dat ons die borswapen van geloof en liefde moet aantrek.

- Dit behels ook wedersydse bemoediging van gelowiges met mekaar.
- Uiteraard beteken dit dat ons as ’n groep voor die Here staan.
- Die hele gemeente word dus opgeskerp om soos een man met moed en in hoop te veg teen die duiwel se aanvalle op ons.

Let op na die kleredrag wat die Here voorskryf:

- Die helm van hoop op die saligheid. (Vergelyk hierdie gedeelte met Efesiërs 6:13vv waar die volle wapenrusting beskryf word.)
- Dit beteken dat die wederkoms van die Here Jesus Christus vir ons die belofte van volkome verlossing inhou.

Ons wag dus op die dag van die Here omdat dit ook die opstanding van die liggaam inhou. Ons moet dit ook voortdurend vir mekaar sê, want in al hierdie dinge lê die vastigheid waarop ons bou om deur elke dag te kom.

Die groot saak waaroor alles gaan, is die bestemming waarheen ons op pad is – dit is waarvoor ons moet veg, hoop en nugter wees.

- Die dag van die Here is ’n dag van vrees en verskrikking vir die ongelowiges.
- Maar die gelowiges moet altyd in gedagte hou dat hulle nie deur die Here bedoel word vir toorn nie, maar vir saligheid.
- Die hele saak waaroor dit gaan, is dat die Here aan ons bevestig dat ons sy besondere eiendom is.

Die grond daarvoor dat ons die eiendom van God is, lê in die werk van die Here Jesus Christus:

- Hy het vir ons gesterf sodat ons saam met Hom kan lewe.
- Gewoonlik word die opstanding van die Here saam met sy dood vermeld (vgl. 1 Tessalonisense 4:4; 1 Korintiërs 15:3; Romeine 4:25; 6:3vv; 7:4).

  Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. 1 Tessalonisense 4:14

  en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; 1 Korintiërs 15:4

  wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking. Romeine 4:25

  3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?
  4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel.
  5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; Romeine 6:3-5

  So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan ’n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra. Romeine 7:4
- Die doel van die Here se dood en opstanding is dus dat ons saam met Hom sal lewe.
- Hou hiermee saam die hele tyd die opvatting van die dag van die Here in gedagte, naamlik dat dit ’n dag van oordeel en vernietiging sal wees.

Die woorde “of ons wakker is en of ons slaap” word in die betekenis gebruik dat ons óf lewe óf in die doodslaap is. (Dieselfde woord vir *slaap* word gebruik in Markus 5:39; vergelyk ook: Daniël 12:2; Psalm 88:6.)

En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap. Markus 5:39

En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. Daniël 12:2

(88:6) vrygelaat onder die dooies, soos die wat verslaan is, wat in die graf lê, aan wie U nie meer dink nie, en wat afgesny is van u hand. Psalm 88:6

Die betekenis van die feit dat ons in hierdie lewe en in die lewe na die dood aan God behoort, is van sulke kardinale belang dat die gelowiges opgewek word om dit as 'n onderlinge aansporing te gebruik: Bemoedig mekaar. Die gelowiges moet mekaar met hierdie wete vermaan en mekaar stig.

3. Wat moet ons gemeente doen?

Ons gemeente behoort dus iets te probeer doen dat ons mekaar almal kan leer ken.

Natuurlik is dit so dat hierdie saak ook deur die diakonale diens aangesny behoort te word, want die formulier wys daarop dat die diakens die gemeente in 'n eenheid moet saambind.

- Maar ons sal as 'n gemeente iets moet uitdink dat ons almal meer betrokke raak by mekaar.
- Ons sal ook dalk iets moet probeer aanleer – en dit is dat ons weer meer oor die Bybel en oor die raad van God kan begin gesels.
- As ons dit kan regkry, sal ons mekaar kan aanmoedig om in hierdie lewe te volhard, want ons is op pad na die troon van God toe.

Sulke pogings sal nooit slaag as ons nie as gemeente ons heelhartige insette en samewerking gee nie.

- Gesien teen 1 Tessalonisense 4 en 5 is dit 'n baie ernstige opdrag dat ons almal in die geloof nader na mekaar toe moet beweeg.
- Die gevolg kan net goed wees, want dan kom ons tot mekaar se beskikking om mekaar op te bou en te bemoedig, soos wat dit in ons teksvers staan.

Die gemeenskap van die heiliges is lewensnoodsaaklik, want enige mens kan hierdie geloofsgoedere verloor.

- Dit kan die uitwerking hê dat ons daarmee saam ons gehoorsaamheid aan en verantwoordelikheid teenoor die Here verloor.
- Dit kan ons so verarm en laat veragter in die geloof dat ons heeltemal uit die kring van ons medegelowiges wegraak.

Die vraag waarop ons elkeen vandag moet antwoord is dit: Wat moet ek as lidmaat doen om te doen wat die Here hier sê? Hoe kan ek ander bemoedig en self ook bemoedig word?

Die antwoord is dit:

- Ek moet die volle waarheid van my verlossing in die Here Jesus Christus besef.
- En ek moet besef dat die een deel daarvan, naamlik die gemeenskap van die heiliges, nou al in die gemeente waaraan ek behoort, waar gemaak moet word. Ek moet deel wees van die vervulling daarvan.

Al die verkeerde aspekte wat hierdie waarheid kan verdraai, lê in die donker en ongeloof en gebrek aan behoefte om met mekaar saam te leef.

- Enige een van ons kan so in onsself verstrengel raak dat ons gemeenskaplike besef en belewenis van dit waaroor dit alles gaan, kan wegraak.
- Dit kan uiteindelik selfs heeltemal ontbreek.

Ons moet wakker wees – anders is ons onbewus van die volheid van die wederkoms.

- Ons kan so onbewus wees dat ons werklik aan die slaap is – terwyl die Here hier sê dat ons mekaar moet wakker hou.
- Ons moet nie net self wakker wees nie – ons moet ook die ander gelowiges wakker hou.
- Letterlik staan daar in die Grieks dat ons mekaar moet toeroep, en tuismaak in die verlossing totdat ons ’n eenheid in Jesus Christus is.

Kom ons streef daarna. Kom elkeen van ons soek maniere om meer en meer met mekaar as gelowiges betrokke te raak, sodat ons mekaar kan aanspoor om ’n soliede eenheid te wees in die bloed van Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:6 (p. 425)

6 ’n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Junie 2010

Lukas 12:35-48

35 Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand.
36 En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.
37 Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien.
38 En as hy in die tweede of in die derde nagwaak kom, en dit so vind – gelukkig is daardie diensknegte.
39 Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie.
40 Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op ’n uur dat julle dit nie verwag nie.
41 Toe sê Petrus vir Hom: Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of ook vir almal?
42 En die Here antwoord: Wie is dan die getroue en verstandige bestuurder wat die heer oor sy diensvolk sal aanstel om hulle rantsoen op tyd te gee?
43 Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind.
44 Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.
45 Maar as daardie dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom, en hy die diensknegte en diensmaagde begin slaan, en begin eet en drink en dronk word,
46 dan sal die heer van daardie dienskneg kom op ’n dag dat hy dit nie verwag nie, en op ’n uur dat hy dit nie weet nie, en sal hom pynig en hom ’n deelgenoot maak van die ontroues.
47 En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word;
48 maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorvloediger eis.